

Skriflesing: Openbaring 17: 1 - 18Teks: **Openbaring 17:1-2**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 73:1, 12****TYDENS EREDIENS- Ps. 33:5,11; Ps. 86:6; Ps. 77:1,7; Ps. 2:1,2****Openbaring 17: 1 - 18**

Rev 17:1 Toe het een van die sewe engele wat die sewe bakke het, gekom en met my gepraat. "Kom," het hy gesê, "ek sal jou wys hoe die oordeel voltrek word oor die berugte sedelose vrou wat by baie waters bly

Rev 17:2 en met wie die konings van die aarde onsedelik verkeer het. Die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar onsedelikheid."

Rev 17:3 Ek is toe deur die Gees meegevoer en die engel het my na die woestyn toe geneem. Daar het ek 'n vrou gesien wat op 'n helderrooi dier sit. Die dier was oortrek met godslasterlike name en het sewe koppe en tien horings gehad.

Rev 17:4 Die vrou was uitgedos in pers en helderrooi klere en opgetooi met goud, edelstene en pêrels. In haar hand het sy 'n goue beker vol losbandigheid gehad, die onreinheid van haar onsedelikheid.

Rev 17:5 Op haar voorkop was haar naam geskrywe en dit het 'n verborge betekenis. Die naam was: "Groot Babilon, die moeder van die sedeloses en van die losbandigheid op die aarde."

Rev 17:6 En ek het gesien dat die vrou dronk is van die bloed van die gelowiges, van die bloed van die mense wat vir Jesus getuig het. Toe ek haar sien, het ek my baie verwonder.

Rev 17:7 Die engel sê toe vir my: "Waarom verwonder jy jou? Ek sal jou vertel wat die verborge betekenis is van die vrou en van die dier wat haar dra, wat die sewe koppe en die tien horings het.

Rev 17:8 Die dier wat jy gesien het, was eers en is nie nou nie. Hy gaan uit die onderaardse diepte uit kom en gaan na die verderf toe. Die bewoners van die aarde wie se name nie van die skepping van die wêreld af in die boek van die lewe geskrywe staan nie, sal verwonderd wees as hulle die dier sien, want eers was hy en nou is hy nie en tog sal hy wees.

Rev 17:9 Hier is verstand en wysheid nodig. Die sewe koppe is sewe berge. Daar by hulle het die vrou haar setel. Verder is hulle ook sewe konings.

Rev 17:10 Die eerste vyf het geval. Die sesde is nou hier. Die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort rukkie bly.

Rev 17:11 Die dier wat eers was en nie nou is nie, is self die agste. Hy hoort by die sewe en gaan na die verderf toe.

Rev 17:12 Die tien horings wat jy gesien het, is tien konings. Hulle het nog nie die koningskap gekry nie, maar hulle kry saam met die dier een uur lank gesag as konings.

Rev 17:13 Hulle het een en dieselfde doel voor oë, en hulle stel hulle mag en gesag tot die dier se beskikking.

Rev 17:14 Hulle sal teen die Lam oorlog voer, maar die Lam en saam met Hom dié wat geroep en uitverkies en getrou is, sal hulle oorwin, omdat Hy die Here van die heersers en die Koning van die konings is.

Rev 17:15 Verder het hy vir my gesê: Die waters wat jy gesien het waar die sedelose vrou bly, is volke en stamme, nasies en tale.

Rev 17:16 Die tien horings wat jy gesien het, en die dier, hulle sal die sedelose vrou haat en haar kaal en verlate maak. Hulle sal haar vleis opeet en haar met vuur verbrand.

Rev 17:17 God het hulle gedagtes so gerig dat wat hulle doen, volgens sy bedoeling is: hulle het een en dieselfde doel voor oë en hulle stel hulle koningskap tot die dier se beskikking totdat God sy woorde in vervulling laat gaan het.

Rev 17:18 Die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy oor die konings van die aarde uitoefen."

Skriflesing: Openbaring 17: 1 - 18Teks: **Openbaring 17:1-2**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 73:1, 12****TYDENS EREDIENS- Ps. 33:5,11; Ps. 86:6; Ps. 77:1,7; Ps. 2:1,2**

Geliefde gemeente in ons Here Jesus Christus, soos hierdie laaste hoofstukke uit Openbaring

na ons toe kom, so moet ons ook raaksien al hierdie hoofstukke staan in noue verband met

mekaar. Openbaring 17 is weer iets van 'n vergrootglas op Openbaring 16 waar ons verlede

Sondag by was. In Openbaring 16 het ons gelees hoe die wêreld geoordeel word.

Verskillende bakke van God se toorn word oor die wêreld uitgegiet aan die hand van sewe plae.

Die vraag mag dalk keer op keer na vore kom as God die wêreld dan met sulke verskriklike plae tref, is God nie onregverdig nie. Verdien die wêreld darem nie beter as om aanmekaar met sulke sware slae geslaan te word nie. Al die verskillende bakke van God se plae uit Openbaring 16 is nie maklike dinge nie! Dis dinge wat gebeur, ons sien dit om ons gebeur. Die meeste van die dinge is reeds in die wêreld aan die gang.

Terwyl Openbaring 16 dan al die plae noem en hoe dinge by die groot slag van Armageddon gaan eindig, is dit asof Openbaring 17 dit alles net nog weer een stap terugvat. Waar begin die moeilikheid. God se Woord het daarvoor net één woord, dit begin by hoerery. En dan staan hierdie harde woord nie in die eerste plek in die verband waar die meeste mense hierdie krasse woord hulleself voorstel nie. In die Bybelse sin is hoerery van toepassing daar waar mense ander gode begin dien. In die plek van die diens waar God gedien moet word, is of geld, of sport of plesier of dalk net sommer die eie-ek, het dit dié eintlike god in my lewe geword.

As ons Openbaring 17 die eerste twee verse lees, wat ons uitgangspunt by hierdie hoofstuk ook moet wees dan praat die Here baie duidelik en baie reguit. Die ouer vertaling kan ons hier duidelik hoor- *1 EN een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit, 2 met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery.*

In geen onduidelike taal laat God ons verstaan as Hy wat God is en dit wat sy verbond en sy koninkryk en sy kerk in ons lewe moet beteken nie eerste gestel word nie, dan is ek besig met afgodery wat God Self dan beskryf as hoerery. Ons groot vraag vandag gaan wees aan die kant van watter vrou staan ek? In die volgende hoofstuk (Openbaring 18) weer 'n duidelike keuse wat gemaak moet word. Dan is die vraag in watter stad woon ek? Twee vroue, twee stede word in die twee opeenvolgende hoofstukke van Openbaring simbolies baie ryk ingekleur.

Dis die kleine wat jou by die grote uitbring. Eers die keuse van die vrou wat jou die keuse van 'n stad gaan laat maak. Ons is vandag by die die vrou maar dis 'n slegte vrou, so anders as die besondere vrou van Openbaring 12. Die vrou van Openbaring 17 laat die valke kerk al sterker opstaan. Op 'n manier word sy die toonbeeld van die valse kerk. 'n Kerk wat reeds in hierdie wêreld voluit aan die werk is.

Dit terwyl die vrou in Openbaring 12 die ware kerk voorstel wat die woestyn moes invlug alleen om maar net te bestaan. Kom ons die keuses en gebeure rondom hierdie slegte vrou soos volg opdeel om haar andersheid van die ander vrou net nog duideliker te maak. Die eerste gedagte noem ons die ontmaskering van die vrou (vv. 1-6 is daarmee besig). Dan kom die verduideliking van die vrou (vv. 7-13). Laastens sien ons die vernietiging van die vrou (vv. 14 – 17). Eerste dan –

Die ontmaskering van die vrou:

Daar is baie gedeeltes in God se Woord waar ontrouheid aan die Here prontuit as *hoerery* beskryf word. Ons kan kyk na Jeremia 3 vers 6- 6 *EN die HERE het vir my gesê in die dae van koning Josía: Het jy gesien wat die afkerige, Israel, gedoen het? Sy het op elke hoë berg en tot onder elke groen boom gegaan en daar gehoereer.* Dan brei die Here daarop uit in vv. 8-9: *8 En Ek het gesien toe Ek uit oorsaak van die owerspel van die afkerige, Israel, haar verstoot en haar haar skeibrief gegee het, dat die ontroue, haar suster Juda, nie bevrees was nie, maar gegaan en ook self gehoereer het. 9 En vanweë haar ligsinnige hoerery het sy die land ontheilig, ja, sy het owerspel bedrywe met klip en hout.* Ook in Esegïel 16:30 lees ons: *30 Hoe smagtend is jou hart, spreek die Here HERE, dat jy al hierdie dinge gedoen het, die werk van 'n onbeskaamde hoër ...*

Daar is baie ander Skrifgedeeltes wat ons nog sou kon aanhaal. As ons Hosea lees dan handel die hele boek daaroor waar die Here Hosea gedwing het om met 'n prostituut te trou dat sy huwelik 'n afskaduwing kan wees van dit wat die Here se volk besig was om met die Here Self te doen. Waar God se kinders ontrou is aan Hom en hulle begin om ander gode te dien staan vir God in die verband van hoerery. Die profeet Esegïel is ook baie duidelik hieromtrent. Veral in Esegïel 16 hoor ons die Here baie uitsprake in die verband maak. Vv.26,28,33... *26 Jy het ook gehoereer met die kinders van Egipte, jou baie sinlike nabure; en jy het jou hoerery vermenigvuldig om My te terg ... 28 Verder het jy gehoereer met die kinders van Assur, omdat jy nie bevredig was nie; ja, jy het met hulle gehoereer en is tog nie*

bevredig nie... 33 Hulle gee geskenke aan al die hoere, maar jy het jou geskenke aan al jou minnaars gegee en hulle gifte aangebied om van alle kante na jou te kom in jou hoererye.

Hierdie krasse agtergrond bring Openbaring 17 skerp op die voorgrond. Onthou Openbaring het pragtige dinge wat rondom die beeld van vroue-figure geskep word. Een van die mooiste is sekerlik Openbaring 12 waar die vrou in die woestyn voorstelling is van die Here se Kerk. Die kerk van ons Here Jesus Christus word dikwels na verwys as die Bruid van ons Here. Tog is die vrou-beeld, die vrou-metafoer in Openbaring 17 nie mooi nie. Daar sien Johannes haar in die woestyn, ja 'n vrou in die woestyn maar sy is 'n sedelose vrou. Hy sien haar soos 'n prostituut. Sy sit op 'n helderrooi dier en soos die prostitute destyds baie keer gedoen het, is daar 'n naam op haar voorkop geskrywe.

'n Naam wat aanvanklik verborge betekenis gedra het maar nou word dit ontrafel of ontmasker. Haar naam is dan sommer ook Verborgeneid maar lees ons verder hoe die naam ontmasker word dan word na haar verwys as *die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde*. In die 1983-Vertaling word na haar verwys as "*Groot Babilon, die moeder van die sedeloses en van die losbandigheid op die aarde ...*

Haar tweede naam is eenvoudig Babilon. Nou weet ons by die hoor van hierdie naam moet daar 'n besondere negatiewe stedelike begrip in ons gedagtes kom. Ook 'n negatief sedelike begrip want wat kan meer sedeloos wees as 'n vrou by so 'n brutale naam genoem word. Sy word die simbool van ontrouheid, van afgodery maar ook van brute geweld en vervolging. Sy kan sag op die oog voorkom maar pasop vir haar. Dikwels het die vroeë Kerk na die stad Rome ook as Babilon verwys. Dit omdat die Romeinse regering alles gedoen het om die christelike geloof uit te roei. Baie mense is in Rome vir hulle geloof gemartel.

As die gordyn van die vroeë Kerk net so 'n skrefie oor die wrede keiser Nero gelig word dan is dit verskriklik die vervolging wat die mense moes deurgaen omdat hulle aan Christus vasgehou het. So was Rome 'n vroeë Babilon omdat in haar soveel afgodery en sedeloosheid bedryf was. Hier in Openbaring 17 as haar lewe ontmasker word dan lyk dit op die oog af mooi, sy bly by baie waters maar die konings van die aarde, ja die regerings van die wêreld is hoogs beïndruk met haar. Sy draai hulle om haar pinkie kan ons ook sê! Sy is mooi aangetrek, uitgedos in pers en helderrooi klere waar goud en pêrels en edelstene nie ontbreek nie. As ons hoor sy sit op baie waters dan is die waters in Openbaring gewoonlik 'n

verwysing na die volkerewêreld. As die vrou op die waters sit beteken dit sy word gedra deur die volkerewêreld. Volke gee aan haar 'n lewensbestaan. Dit lei dan reeds ons tweede gedagte in waar ons gestel het

Dat hier moet 'n verduideliking van hierdie vrou gegee word:

Johannes het hom aan die vrou verwonder. Belangrik in hierdie verduideliking is ook weer hoe Openbaring teruggryp na vorige gedeeltes en hoe dele in verband geplaas moet word. Hierdie vrou sit op 'n helderrooi dier. Dis natuurlik die eerste dier van Openbaring 13. Daar was dit ook die dier met die sewe koppe en die tien horings. Toe het ons reeds gewys as sy eintlik op die rug van die antichris ry dan is die antichris mense in gesagsposisies en vorm deel van die regerings in die wêreld wat deur Satan gebruik word.

Vers 2 van Openbaring 17 wys hoe die vrou hoereer met die konings van die aarde. Die vrou se afgodery word deur die regerings goedgepraat en aangehelp. Daar is kamtig baie gode, op baie maniere mag mense maar hulle godsdiens bedryf wat God Self noem hoerery. Die ware gelowiges moet net uit hulle pad bly anders word hulle uit die pad gevee met watter wrede metodes daar ook al was.

Die vrou loop eenvoudig haar pad en doen haar ding met aaklige gevolge vir die ware kerk van die Here. Sy kry al meer politieke mag om haar geskaar. Ons sien dan in hierdie visioen wat Johannes moes verwerk as kerke meer ag slaan om polities meer saak te maak, hulle wil graag in tel wees by die wêreldleiers, waarmee het ons dan te make?! Niks anders as hierdie slegte vrou maar kan almal tog so beïndruk. Dit wat God se Woord vir ons sê word al meer agtertoe geskuif dan het die Kerk reeds met die Staat begin hoereer.

Vir 'n kerk om op so 'n pad om te draai word al moeiliker. 'n Kerk mag nie in alles daarna streef om die wêreld te wil beïndruk en polities heelyd met menseregte en al die gemors-politiek besig te wees nie. Hoeveel stryd in die kerk het eintlik in 'n sosio-politieke stryd ontaard wat besig is om die Evangelie en die eenvoud en die uitdra daarvan in 'n groot klug te omskep. Van die politiek van die dag mag die ware Kerk nie afhanklik wees nie. Onthou ook ons as mense is die Kerk. As ek al meer vasgedraai raak in die dinge van die wêreld en my bestaan begin al meer om myself en om my geld en my goed te draai dat dit eintlik my lewe insluk dan het hierdie goddelike onsedelikheid ook reeds my lewe ingekom. Ons mag nooit ons bestaan so afhanklik maak van die dinge wat vergaan dat ek daaraan my meeste tyd

en aandag gee dat ek in die proses so besig raak om die ewige dinge eintlik al meer gruwelik te verwaarloos. Dan sit ek saam met hierdie vrou op die vreeslike dier.

Tog is die dinge nie nuut nie. In die langer as 2000 jaar wat Jesus na die hemel opgevaar het lees ons hier 'n ietwat eienaardige uitdrukking maar tog sê dit ook alles. Ons lees dat die dier eers was en nou is hy nie en tog sal hy wees. Die Antichris kom en gaan. Dit is wel duidelik. Dinge bou op, dit het ons in die reeks uit Openbaring ook al duideliker moes agterkom. Die antichris word baie keer deur antichristelike regerings verteenwoordig wat kom en gaan. As die vrou op die dier sit met die sewe koppe en tien horings waar sewe koppe of sewe berge al dikwels in verband gebring was met die eerste sewe wêreldryke wat in die vroegste geskiedenis die wêreld oorheers het. Dit begin by die ou Babilonië, toe Assirië, daarna die Nieu-Babiloniese ryk, toe die Meders-Persiese ryk en daarna was dit die Grieks-Macedoniese ryk. Dis die eerste vyf wêreldryke. Dan lees ons wel in vers 10- *10 Die eerste vyf het geval. Die sesde is nou hier. Die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort rukkie bly.*

Die sesde wêreldryk wat natuurlik aan die gang was toe Johannes hierdie moes skrywe was die Romeinse ryk. Die Romeine was ook 'n baie sterk antichristelike ryk wat ons vroeër verwys het hoe wreed hulle keisers was. Nero en ook Domitianus wat juis vir die oue Johannes na die eiland Patmos verband het toe hy Openbaring geskryf het. In vers 10 staan wel die besonderhede wat vir ons tyd groot betekenis dra. Die einde van die vers stel dit, die sewende wêreldryk het nog nie gekom nie en wanneer hy kom, moet hy 'n kort rukkie bly.

Ons leef midde-in die tyd van die sewende wêreldryk wat nie soos die vroeëre ryke een groot wêreldheerser gehad het en alles tot een ryk gedwing het nie, maar die sewende en die agtste gaan 'n stille oorgang na mekaar maak. Hierdie sewende kop het wel tien horings en besef Johannes die tien horings is tien konings wat gelyk na wêreldmag sal gryp. Dan die één dan weer die ander een. So baie hiervan natuurlike in die naam van of demokrasie of selfs ook diktators. Ons moderne geskiedenis ken beide soorte antichristelike regeringstipes. Dis hierdie laaste regerings wat alles aan die werk gaan stel, om nie net een wêreldregering nie, maar dat daar ook een wêreldgodsdien moet wees.

In gelowige taal is dit afgodery en die omgang met die baie gode sal presies in die gedaante van die vrou inpas met haar omgang met al wat godsdien is. Daarom sal die hoer in haar al

sterker na vore tree. Die weerstand teen gelowiges wat in alles bly staan by die christelike geloof en dit wat God ons uit sy Woord baie duidelik bekend maak sal al hoe erger word. Die aanval teen die Woord word daarom ook al hoe feller! Die vrou wat konings kan inspan is geen maklike teenstander vir die ware kerk van die Here nie. Inteendeel daar is baie maniere waarop sy die grootste deel van die wêreld se mense tot haar tipe van kerk, m.a.w. die valse kerk kan verlei. Waar ons dan nou 'n verduideliking van die vrou kon ontvang het ons genadiglik ook ons laaste gedagte vandag –

Die vernietiging van die vrou:

In vers 14 tot die einde van die hoofstuk lees ons van haar vernietiging. Veral vers 14- 14 *Hulle sal teen die Lam oorlog voer, maar die Lam en saam met Hom dié wat geroep en uitverkies en getrou is, sal hulle oorwin, omdat Hy die Here van die heersers en die Koning van die konings is.*” Dit is so troosryk om dit te mag hoor en te mag weet. Al doen die slegte vrou baie dinge en is sy self iemand wat Johannes hom oor haar verwonder het, sal sy en haar volgelinge tot niet gaan. Dit sal oploop tot op 'n punt. Dit het ons al baie moes hoor dat dinge in die wêreld aan die opbou is. God is besig met die opbou van die sy koninkryk wat in die wêreldse oë dalk nie baie mense beïndruk nie, maar die koninkryk van die antichris wat die meeste mense in die wêreld saamsleep gaan op die einde dit nie maak nie.

Die koninkryk van die antichris sal in 'n stadium kom wat dit lyk nou het dit die hoogste kruin bereik maar dan is haar val ook die naaste. Hoe wonderlik was dit vir die wêreldling om uit die beker van die sedelose vrou te drink en eintlik dronk te word in haar bekoringe en verleidings. Hulle geniet as't ware die valse godsdiens en die kamtige vrede en weelde wat die wêreld hulle bied. Maar in vv. 15-16 sien ons hoe die wêreld die kiem van vernietiging in die wêreld self rondra. Die wêreldregerings wat so die vrou op hulle hande gedra het begin skielik teen haar te draai.

Kan jy nou meer dit sal vanuit die tien horings gebeur. Die Here profeteer aan Johannes wat hy dan weer aan ons profeteer- 16 *“Die tien horings wat jy gesien het, en die dier, hulle sal die sedelose vrou haat en haar kaal en verlate maak. Hulle sal haar vleis opeet en haar met vuur verbrand.* Só word sy vernietig. Die wêreld gaan haar vernietig maar dan is dit ook vir die wêreldling te laat en nie meer moontlik om na die ware God terug te keer nie. So besef die wêreld hulle omgang, ja hulle hoerery met al wat ander godsdiens was en wat baie kerke met hulle daarmee wou saamsleep het die groot honger in hulle nie kon stilmaak nie. Dit bevestig maar weer die hoofgedagtes van Openbaring 15 wat sê – DIS TE LAAT, maar ook

verlede Sondag se hoofgedagte in hoofstuk 16 wat dit duidelik wou maak- NOU IS DIT VERBY! Judas Iskariot wat geld sy god gemaak het, toe hy wakker skrik, toe is dit te laat, toe is dit verby. Hy het daardie silwer muntstukke wel voor die priesters gaan uitgooi maar geld kon nie regmaak wat hy en die priesters verkeerd gedoen het nie. Ja spesifiek in wat hulle teen Christus en sy ware bruid, sy ware kerk gedoen het nie.

Ons beseft die valse kerk sit nog redelik sterk op die rug van die antichris. Hier is kerke wat Afrikaanse kerke is wat mens darem al meer laat wonder wanneer is 'n kerk dan so vervals dat ek uit haar moet uit. Die tyd wat God Self dan ook sê- *Gaan uit haar uit ...* Anders is ek daarmee heen! Kerke wat met menseregte en seksuele verbintenisse te koop loop wat hoegenaamd nie vanuit die Skrif geregverdig word nie. Die grootste kerk in Afrikaans en die meeste Afrikaners is deel daarvan sal moet besluit oor die pad vorentoe. 'n Groot getal van hulle het gekom by die vraag, is dit nou ons *kairos*, ons beslissende moment wat ons sal moet besluit. Die *Kairos groepering* in die NG Kerk is baie ernstig met hierdie vraag besig. Ons kan nie anders as om hulle in die proses by te staan nie. Ons gaan mekaar nog baie nodig kry want die valse kerk in haar hoer gestalte op die rug van die antichris maak dit nie maklik nie.

AMEN